BrieweLetters

Barry de Vos, Gezina, skryf:
Dankie vir *Alumnus* wat ek die afgelope week ontvang het. Saam daarmee was ook 'n vorm om 'n geldelike bydrae aan US te maak.

Voor my aftrede het ek periodiek bydraes gestuur, maar daarna nie meer nie. Nou het ek en my eggenote besluit om weer bydraes te maak as die Rektor ons kan verseker dat ons kleinkinders oor 5 jaar nog kursusse in Regte, Medies, Landbou, Ingenieurswese en Sosiale Wetenskappe hoofsaaklik in Afrikaans sal kan volg.

Ek sal graag 'n bydrae gee vir 'n projek soos Hou US Afrikaans.

Amanda de Villiers, Stellenbosch, skryf:
Was ek vandag verras? My man het die laaste publikasies van die *Matieland* 2005:1 en 2005:2 op ons teetafel gesit. Die helder voorblad en interessante belofte om van Mike Horn te lees asook die 2005:2-uitgawe het my totaal verras - veels geluk! Julle het 'n heerlike verskeidenheid en die uitleg is lekker modern en nuut.

Baie dankie vir die artikel oor prof Liz Bressan en Mike Horn - dit is ongelooflik interessant. Sterkte met die pad vorentoe. Ek sien uit na die volgende uitgawes.

Werbrief

Anne-Marie Malan, Pretoria, skryf:
Jou duikie onder die gelukboom laat my dink aan die tyd toe ek by die Stellenbosch se skoolkliniek, in die pragtige kultuurhistoriese ou huis oorkant Coetzenburg gewerk het. My man, Philip, studeer toe aan sy MBA by die Bestuurskool.

Daar is ook die grootste boom met die lekkerste skadu, en ek dink as almal te dom is om die boom raak te sien, parkeer ek van nou-af net hier. Tot ek die middag uitkom en sien my kar is heeltemal bemors! Na die derde dag besluit ek ek gaan hierdie voëls iets wys. Ek koop toe 'n paar rubberslange en drapeer dié oor my motor - die skadu wil ek nie prysgee nie. Ek sê nog vir dr Dries de Kock, so help sielkunde, nê?

Daardie sielkunde het gesorg dat die voëls veg vir hulle boom, hulle wil toe die slange skrikmaak, ek wens jy kon my kar gesien het - meer bemorsing as kar! Gelukkig kon ek my kar was.

Dan dink ek terug toe ek met my motor by die Trustbanksentrum kom en 'n lekker duik in hom kry. En 'n stuk papier by my ruitveër ingedruk kry met die woord groot gekrap SORRY!

Hanno Scholtz, Paarl, skryf:
Ek was baie beïndruk met die *Matieland* wat ek onlangs ontvang het. Dit was hierdie keer iets wat ek kon lees met dieselfde passie as waarmee ek my *WEG* gryp - lekker gemaklik en ietsie vir elke generasie. Ek dink die balans is goed, veral oor goed soos *band's* ens. Sal graag meer daaroor wil hoor – watter groepe/kunstenaars vanuit die Bos kom.

Barend en Annami Blom, Kaaiman-eilande:
Wou net vir jou en jou span gelukwens met die laaste uitgawe van *Matieland*. Dis een van die eerste uitgawes wat byna die hele tydskrif die moeite werd was om te lees.

Gerrit Viljoen, Zeerust, skryf:
Ek verwys na *Matieland* 2005:2 se voorblad asook die artikel oor Stuart Tayler.
Laat my toe om dit duidelik te stel dat my kritiek nie gaan oor velkleur nie, maar oor die ophef wat gemaak word van 'n persoon wat op verskeie plekke opgetree het met vermaaklikheidskunsies wat hy beslis nie aan die US bestudeer het nie.

Die artikel verwys ook na die probleem wat mnr Stuart ondervind het aangesien die kursus wat hy gevolg het in Afrikaans aangebied was terwyl hy Engelssprekend is. Hy moes dit tog geweet het voordat hy hom by die Universiteit ingeskryf het. Baie van my medestudente was rou Engelssprekend tot hulle op Stellenbosch gekom het, maar het hul juis daarheen gegaan om Afrikaans te leer en dit ook baie gou bemeester.

Ek asook my oorlede vrou en twee seuns het verby universiteite na aan ons ouerhuise gery om aan Stellenbosch te gaan studeer. My jongste seun het in Pretoria gematrikuleer maar verkies om 'n Matie te word vanweë die Afrikaanse kultuur en ook uit tradisie (want ook van ons voorouers het daar studeer). Tussen my en my vrou en ons twee seuns was ons altesaam 26 jaar ingeskrewe studente en het ons altesaam 10 grade daar verwerf en glo ek derhalwe dat u ons sentimente deel. My eerste kleinkind vanaf Pretoria is vanjaar eerste jaar te US en ook my tweede kleinkind is van voornemens om aanstaande jaar op Stellenbosch te gaan studeer.

In dieselfde uitgawe van Matieland verskyn 'n minder as halfblad artikel met 'n piepklein foto van prof Liesbeth Botha wat die hoogste sport nog by die US behaal het. Ek glo dat dit meer vanpas sou wees indien sy op die voorblad verskyn het met 'n omvattende artikel aangaande haar.

Ek geniet egter die *Matieland* en sien altyd daarna uit. My hart is egter telkens seer wanneer ek in die *In memoriam*-gedeelte lees van 'n ou kennis of tydgenoot wat vir hoër diens opgeroep is. Ek self is 70 jaar oud maar herleef so baie van die aangename studentedae op Stellenbosch en het die afgelope Desember weer Die Laan besoek en gaan sit op die bankie waar ek en my oorlede vrou 50 jaar gelede verloof geraak het.

Beste groete en wense en mag die Afrikaanse taal vir ewig voortleef op Stellenbosch Universiteit.
(Brief verkort - Red.)

Skryf en wen!

Sjoe, die *Matieland*-possak word swaarder en swaarder! Dié tipe reaksie kan nie onbeloon verby gaan nie en daarom bied ons vanaf hierdie uitgawe 'n prys vir die beste brief – 'n veeldoelige US piekniekSak en 'n bottel wyn vir lekker kuier. Die sak is geskenk deur die Matiewinkel (skakel hulle by (021) 886 8853 en die bottel Paul de Villiers Reserve deur Landskroon (www.landskroonwines.com).

■ ***Matieland*** verwelkom briewe aan die redakteur. Alle briewe moet vergesel wees van 'n naam en adres, maar kan op versoek anoniem geplaas word. Briewe moenie langer as 250 woorde wees nie.

Rig dit aan: Die Redakteur Matieland, Afdeling Bemarking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602. Faksnommer (021) 808 3800 of per e-pos media@sun.ac.za.

Mev Gail Schoeman, Bloemfontein, skryf:
Ek het vanoggend wakker geword met die besef dat my babaseun matriek toe gaan en besef die geleenthede wat voor hom lê is eindeloos.

Op 'n ouderdom van 48 het ek besluit om weer te "swot" maar deur Stellenbosch via satelliet. Vir 14 jaar het ek gewerk, ma gewees en hier en daar kort kursusse bygewoon. Dit was vir my 'n geweldige skok en aanpassing om in die nuwe eeu van klasloop 'n kursus te volg.

Alles het verkeerd geloop, my boeke het laat gearriveer, my eerste klas was 'n nagmerrie. Die dosente het deur die boeke geblaai en van goed gepraat waarvan ek nog nooit in my lewe gehoor het nie. Ek het vir my familie belowe nooit ooit weer "swot" ek nie.

Die jaar het gevorder en as dit nie was vir my vriendin wat my getrou gehelp en saam met my inligting deurgewerk het om die take te voltooi nie, sou ek nie die pyp gerook het nie. Stellenbosch se biblioteek was van onskatbare waarde, hulle is die beste.

Hierdie brief is dus nie om satelliet "swot" af te kraak nie, maar om ander studente te waarsku dat dit verseker nie dieselfde is soos 14 jaar terug toe ons ge-"spoonfeed" is nie, nee, jy is op jou eie en of jy nou by bly of verstaan of nie dit is jou verantwoordelikheid.

Sterkte vir die res van die jaar aan al die studente en vir my matriekseun. "Ouboet, gryp jou geleenthede met albei hande vas, ons is baie lief vir jou!" Dankie vir 'n mooi tydskrif.

Sandra Kinghorn, Graaff-Reinet, skryf:
Bl 29 van *Matieland* 2:2005 het my ver teruggeneem! So ver terug as 1967 - 70. Ek kan slegs een prys BAIE goed onthou. Dit was 'n "Special" by Die Eike-kafee. Dit het bestaan uit 'n sny roosterbrood met 'n gebakte eier, 'n sny tamatie en gerasperde kaas bo-op, en het 15c gekos. Dit was 'n goedkoop redding as jy ontbyt verslaap het. Die prys van *Harrap's French/ English Dictionary* (p.1000) was R4,55, en *History of the World* (p. 1014) was R3,25. 'n Voorgeskrewe slapbandboek vir Frans, *La Symphonie Pastorale*, 'n skamele 50c. Ek dink die gemiddelde sakgeld per maand was iets soos R10!

Johann G Grosskopf, Hectorspruit, skryf:
Baie dankie vir Matieland wat ek so gereeld ontvang en met groot genot lees, die In memoriam's deesdae met leedwese omdat daar in die laaste tyd soveel van my ou tydgenote se name daarin verskyn, want ek was in 1948-50 en die laaste semesters van 1953 en 1955 'n Matie. Ek skryf juis om 'n klein foutjie in die In memoriam's onder u aandag te bring.

Die derde naam op bl. 39 in die jongste Matieland moet lees Bellstedt en nie Bekkstedt nie. Ek het Arnulf redelik goed geken, want soos u sal kan aflei, was ek en Arnulf tydgenote, maar later ook kollegas by die SA Buro vir Standaarde voordat Arnulf na Kanada verhuis het. Hy was oorspronklik 'n Duitser wat net na sy skoolopleiding tydens die Tweede Wêreldoorlog by die Wehrmacht moes aansluit (hy was in die vloot) en na die einde van die oorlog het hy Suid-Afrika toe gekom en in 1950 ingeskryf as 'n student in Meganiese Ingenieurswese. Hy het geen Afrikaans geken nie, net Duits en 'n bietjie Engels, en het my vertel dat hy die eerste paar maande in die klasse nie 'n benul gehad van wat die lektore gesê het nie! Gelukkig het hy die vermoë gehad om 'n taal maklik aan te leer en kon later Afrikaans vlot praat, trouens sonder 'n Duitse aksent.

Hercules Kritzenger skryf uit die VSA:
Beste Matieland!
Na afloop van my studie by Stellenbosch en ek vir 'n paar jaar in Suid-Afrika gewerk het, het ek besluit om groener weivelde in die VSA te gaan soek.

Vir my was die skuif geweldig moeilik. Om sake nog meer uitdagend te maak, lê die gebeure van 11 September 2001 tot vandag toe nog vlak in almal se geestesoog!

Die rimpel-effek van daardie dag raak ongelukkig enige buitelander wat daarna streef om hom- of haarself hier te vestig. Die vereistes is geweldig streng en indien jy nie in 'n posisie is waar hulle jou dienste verlang nie, bv. verpleegsterpersoneel, inligtingstegnologie, geoktrooieerde rekenmeesters, ens., is dit 'n tydsame, vermoeiende en duur proses om hier in te kom.

As jy eers hier is, is die ergste oor. Moet egter nie vir een oomblik dink dat jy nou ewe skielik 'n oorvloed van melk en heuning kan nuttig nie, want dan kom die aanpassings in kultuur en taal, werkswyses, etiek en morele waardes.

Wanneer mense my aksent hoor, is hulle aanvanklik baie geïnteresseerd. Dis nou tot hulle hoor wat ek vir 'n lewe hier doen. (Ek is elke dag op my knieë besig om vloere in huise en hospitale te installeer – dit terwyl ek sit met 'n 4-jarige graad van 'n universiteit van wêreldgehalte.) Dan stop die gesprek net so vinnig soos dit begin het. Party mense voel ongemaklik oor die stilte en vra dan uit oor my lewe in Suid-Afrika. Dan, ewe skielik, rek hulle oë van verbasing en kyk hulle my aan met nuwe respek.

Vir my is dit 'n innerlike mentaliteit wat oorbrug moet word. Alles wat jy doen: doen dit na die beste van jou vermoë, doen dit met respek en pak dit aan met adel.

Alhoewel mense se reaksie irriterend is, is die melk en heuning nie buite my bereik nie. Wanneer my Groenkaart eers gekom het, is my opsies hier eindeloos. Die prys is egter 'n hele paar gryshare op my jeugdige ouderdom!

Die gebrek aan Boeremusiek is ook sleg! Ek kan nie hier na 'n kroeg oorstap en my konsertina uit sy boks uithaal en begin speel nie. Hulle ken dit glad nie en 'n konsertina is nie 'n instrument wat alleen bespeel word nie. Jy het 'n agterryer nodig in die vorm van 'n kitaarspeler. Ek mis my orkes geweldig. Gelukkig het ek ouers en 'n vriendekring soos min wat my ondersteun - mense wat ver van my is, maar na aan die hart lê. Daarom is ek elke dag agter die rekenaar om kontak te hou met vriende en mede-Maties.

My sterkste fondament is egter my Hemelse Vader wat my dra deur hierdie tyd en seën sover as ek gaan en in alles wat ek doen. *(Brief verkort - Red.)*

Mr Douglas Wade, England, writes:
I was in the LLB class of 1970. At the graduation ceremony in December there were just 14 of us who started 5 years before, plus half a dozen stragglers and imports. I am currently based in Oxford. I was an attorney, etc., for many years mostly in Durban, but have requalified as an English solicitor dealing in what is called commercial and residential conveyancing. The locals find it very strange that I have fought court cases using law dating back to 440 BC. Here the legal year dot is 1189 AD - the date of accession of Richard

At the start of 1966 there was grave concern at the 10% rise in the cost of living for students: Tassies had risen from 20 to 22 cents a bottle. A wine passable for a modest occasion was 40-45c, Alto Rouge was say 70c. Coffee was 5 or 6 cents a cup. The cheapest milk in town was 7c a pint from the Simonsberg Dairy at the back of the co-op. 15c would get you a coffee and an egg special from the Eike Cafe. Pies were 10c. My first suit was R40. Paperback books were from R1 upwards, hard back law books say R20 to R30. Movies were 32c for the "Rec" or going posh at the "Plaza" 42c. Residence fees were R200-220 per semester, tuition for law about R120 a year. On a civil service bursary of R650 a year in 1970 I had money over to more or less cover books. A return 2nd class rail ticket from Colenso, Natal to Stellenbosch was something like R24,10.

Of course there were few cars, perhaps a dozen for the whole of Eendrag or Majuba and several of those were shared by as many as four guys. The first girl in a residence, if not the whole varsity, to own a car, a Ford Escort in '68 or '69, was Maureen Trethewy/Roux later married to a dominee but previously the chief drummie at US. In '65, R1900 cash bought an Alfa Romeo Julia. The prize car in the karnaval of '69, a mini, on wholesale prices was about R1100. My initial salary in '71 was R150pm. I lived away from home and saved money.

Isobel Odendaal, Nederland skryf:
Na vier ongelooflike jare aan die Bos, het ek my tassies in 1998 gepak en die wye wêreld ingevaar. Na 'n jaar in die VSA, het ek 'n wonderlike nuwe loopbaan ontdek, die wêreld van "superyachts".

Hierdie baie uitdagende en opwindende werk neem my sedertdien regoor die wêreld se oseane en hawens, waar ons die rykstes van die rykes onthaal en seker maak dat hulle 'n onvergeetlike reis aan boord het.

Hierdie werk is baie uitputtend by tye, soms werk ons twintig ure per dag vir weke aaneen. Maar, dan is daar ook die tye wanneer ons by hawens aandoen waar ons bietjie plesierig kan raak! Hierdie foto is juis geneem tydens een so geleentheid - ons boot was in Holland tydens Koninginnedag, 29 April 2006, en ek (links) en 'n vriendin het in Amsterdam se strate ingevaar - saam met ongeveer 500 000 ander toeriste en Hollanders.
Koninginnedag word eintlik op 30 April gevier – behalwe as dit op 'n Sondag val.

Walter Hassenpflug, Stellenbosch, skryf:
In die *Matieland* 2005-2, in die artikel "Look at the scoreboard", word daar geskryf dat 'n oorweldigende meerderheid meen dat die Afrikaanse taal behou word.

Watter Afrikaans? Bedoel hulle die Anglikaans wat vandag gebruik word? Dan is die word 'behou' verkeerd.

Mense streef na verandering. Maar meestal is die prys van verandering *ter wille* van verandering agteruitgang. Is dit Afrikaans: 'ek is embarraseer' (in 'n voormalige rektor se toespraak)? Is dit Afrikaans: 'die solusie van 'n ekwasie (SAUK). Gaan die Universiteit in die toekoms 'n 'Institusie van hoër Edukasie' word? Wat is verkeerd met 'inligting', dat dit met 'informasie' vervang word? Wat is verkeerd met 'grondwet' dat dit nou 'konstitusie' is? Wat is verkeerd met "Verenigde Volke', waarom is dit nou 'Verenigde Nazis' (verskoon die spelling)? Daarby kom nog die oorname van die moderne verdraaiing van engelse grammatika: 'Die huis wat ek gaan na', 'Die kind wat ek 'n lekker gee vir'. Gaan in die toekoms ook 'onderskei' met 'differensieer' verwar word? Of 'korrek' met 'akkuraat'? Of 'behou' met 'vernietig'?